# 3

# In Barzagh

*Gaireyah Fredericks*

Hie innie Malmeniê, annekantie Dolomite Avenue, speel Geoff, of soes amal hom innie lane roep, "Klyn voetjies", soccer samie laaities innie pad. Hy is rats en briek amal se enkels. Dai mien manet hy laat hulle wêk vi dai ball. Maa ja, hy's fokkin brilliant oppie veld. Sy pa is nou sieke netta jaa al dood en sy ma wêk allien vi hom. 'n Baie proud vrou en vra nie 'n liepeltjie suiker offe stukkie brood vi geniemant innie laan nie. Som dink sy gie vi haa yt. Hou haa wat sy nie issie, maa ek wiet wie sy is. Ek ken hulle familie al since voo dai laaitie se birth. It mienie as djy vi jouself is, djy's sturwie nie. Sy't baie op haa bôd. Dai's hoeko ek agree et om narie klong te kyk—of kaind offe oeg oo hom te hou deerie dag, tewyl sy wêk. Hy's mos al van yt sy kimbies onne my hand.

Ek kry soe lag as ek hom vra hoekom noem amal hom dan Klyn voetjies, dag is vannie magic footwork oppie veld, dan sak hy heel ernstag af: "Nee, Mrs Ples, issie dai nie. Ek is mos mettie voete ees gebore." Die laaitie praat van goed asof hy vannit kennis dra, nonetheless, hy voel baie proud van sy bynaam en ek moet getuig, it pas hom.

"Het djy dai bietjie skorregoed van va'oggen gewas Geoff?" sê sy ma tewyl sy somewhat op clear op pad kitchen toe om supper te begin.

"It was te min skorregoed, mamz. Daise waste van wate en dishwashing liquid. Ek't gemien ek doenit soema vanaand samie

supper bôtjies," respond Geoff metta tone in sy voice asof hy iets achieve et.

"En dai maak vi jou sense?"

"Is logic, mamzie. Perfect sense."

"En wat as daa iets gebeerit met my byrie wêk en hulle moes my hystoe bring? En hie kommie paramedics met my ennie plek lyk soese orkaanit getreffit? Of iets loep skief en God forbid, die brandwee moet kom? Moet hulle nou sien hoe ôs soes varke liewe? Mossage varke!"

"First of all, mamz, as mens siek wôd ennie ambulance ko haal jou byrie wêk, vat hulle jou na ongevalle en assie brandwee moet kom, dink mamzie rerag hulle gan vi hulle ytsit met skorregoed! En drie bôre maakie 'n mens …"

Hy wil nog klaa tuu praat toe hoo hulle 'n klop annie dee. Hulle ken dai famous klop.

"Gan maakie dee oep haa vi Mrs Ples. En eksie klaa met jou nie boet," respond Geoff se ma soes sy u-turn vannie kitchen en gan sit oppie couch.

It was Mrs Ples. Sy ko loe soe every now and again in byrie familie net om te kyk of hulle oraait is. Oek issie council-hys miere din, soe sy kan actually oekie effe-argument volg. Assit potential wys om te explode, pop sy ma in ommat sy wiet as mens eesie sloes van seer inne bekgeveg oepen, val haa soms unplanned pyn yt en dan moet djy mee vegifnis innie ent vra vi als wat djy kwyt geraakit as wat djyrie issue at hand aangespriekit et. Mrs Ples issie van dié kalieber mense hie nie. Sy's antient. As ek ancient sê, mien ek sy operate nog mettie devine intervention van ancestors en gloe nog an bygeloefies. Sy's van dai mense wat omme hoek kan sien en innie wind die next dag se stront wat oppad is, kan ryk. Sy's klein gebou. Nog hups vi haa age met skoues wat vorentoe hang. Ampe assoffitie hare issie. It lat haa arms lange vookom as sy stap en often kry mens ie idea sy't 'n prehistoric krul in haa. Nei serious! Sy hou nie haa massive hanne se duime as sy loep pointed yt soes homosapiensie. Haa duime point altyd in. Sy'te vookop soe groot djy kanne projector daa op shine en haa eyebrows isse verêrage afdakkie vi haa oë. Even haa jaws protrude mette oplettende overbite. Nie die mooiste blom innie tyn

nie, maa sy't gentle oë. Naby mekaa. Hulle kyk dee jou tot binnin jou siel.

"Naandsê familie. So, môre need ek help metta kas ommit te skyf, Fran. Sallie klong kan ookom asseblief?" sê Mrs Ples en head straight virrie couch en sit oppie punt op aandag.

Geoff vedwyn soese spelt innie hoep sy ma anwoot in sy favour voo hy self moet decline.

"Well, hy doenie djys ienage iets significant hie nie. Hy might as well of use somewhere else wies. No problem. Skrie manet as hy moet ookom."

En voo Mrs Ples nog kon respond skrie Geoff se ma af innie gang en order hom na Mrs Ples se hys virrie skyf vannie kas ie next dag.

"Settled dan," sê Geoff se ma while sy haa anne skoen af van haa hak pop en haa sloffies wat vannie vorage aand nog altyd half onnerie koffietafel lê, gryp en anslof.

"Dis lovely. Ek's soe dankbaar julle is hie vi my. Ek issie mee vedag se kindtie, vestaan? En moenie worry oo môre se broodtjie vi ou seena nie. Ek sal dai soema oek ytsort. Issie minste wat ek kan doen, rerag." Beer Mrs Ples altwie haa hanne in haa overall pocket in haa skoot.

"Hai Mrs Ples. Os wadeer jou net soe baie." Sit Geoff se ma haa hand op Mrs Ples se knie.

Die twie staan op en move narie dee waarie geselsie continue.

"Djy wiet my meisie, en ek mienie prai nie, maa boys need die outdoors. Ek vestaan djy need hom oek om jou plekkie daarem 'n bit aandag oek te gie, maa op sy ouredom is daa baie lessons vi hom nog daa byte oek om te lee. Vestaan djy wat ek mien? Met sy pa se hiengan en soe an. Maybe moet djy miskien try en praat oo sy pa met hom. Vi hom laat wiet djy's oek in pyn. Die was jou loss oek. Hy need om jou loss te sien, you know. Djy's stêk en God knows mens moet virrie kinnes stêk wies. No need to tell me about that, ma it is al 'n jaa ne? Lang tyd ommie orie dood te pratie."

"Mrs Ples, ek wiet djy mien goed en djy is baie daanag vi ôs—en ôs naturally vi jou, ma ôs is okei. Net sies ôs is. Hy'se teenager. Ek en hy sal wore het every now and again, soe maa ienage ieman annes, maa it mienie ôs is broken nie."

"Okei kindtjie, as djy soe sê. Djys mossie ma. Djy sal van bietere wiet, reg?"

"Dai issie idea ja, Mrs Ples."

"Nou ja, laat ek maa wals Fran, voo ek my welcome overstay. Good night."

"Night, Mrs Ples."

Mrs Ples loepie paaitjie narie hek en in by haa hekkie na haa voodee. Geoff appear innie dee agter sy ma en saam sien hulle Mrs Ples af tot sy haa dee toemaak.

"Soe ek moete kas more ga skyf? Joh mamzie, en mamz dinkie ees om my te vra of ekkit wil doen en of daa even iets is wat ek vi môre beplanittie. Soema net soe raak ek 'n moving furniture guy."

"Well, djy konnie manage ommie skorregoed guy te wiesie, soe nou moet djy maa moonlight as iets annes."

"Nagaanie, mamz!"

* * *

"Mrs Ples! Die ding is swaa! Ôs need nog manne! Ek kan gou vi Tandtjies en Kniekop gan roep. Serious, ek wiet waa hulle ythang."

"Daa sal niks Tandtjies en Kniekoppe hie in my sanctuary hulle voete sittie. Die's jóú djop! Nou stoot!"

Geoff issie 'n bad laaitie nie, maa hy mis baie dinge wat hy imagine hy en sy pa sou by die tyd al saam gedoenit. Hy konnie wag omme opgeskote laaitie te raak wat nou oud genoeg is om saamie pa pa-goed kan doen nie. Hy't oekie a bad relationship met sy ma nie, maa somehow na sy pa se dood het hulle net weg van mekaa begin drift. Skielik hettie taal wat sy hom op grootgemaakit nie mee begin sense maakie. Geoff het alles asse straf offe attack begin interpret.

"Die anniversary van jou pa is annie opkom soon né klongens?" sê Mrs Ples saggies, asof sy Geoff ees bietjie ytsas om te kyk hoe vê sy die convo kan vat.

Geoff anwood haa reluctantly en is asof hy die krag ommie kas te move instantly kry en slieppit dattie trekgelyde oppie vloer dit impossible maak om die convo te continue. Vi altwie van hulle.

“Net tot daa! Dankie,” skrie Mrs Ples en kom op haa voete starag yt haa stoel.

“Kom, nou gat os brekfis.”

Geoff hettie kas sieke drie of vier meter gestoot. Ennit issie ees oppe plek wat sense maakie. Hy kyk die biesaghyd ’n kot wyle en decide dis oumens crazy. No need to ponder about simple goed wat net man kopseer gan gie en follow Mrs Ples narie kombys.

“Sit daa,” point Mrs Ples en begin kassies ennie fridge oepmaak terwyl sy ingredients oppie counter pak.

Mrs Ples se kitchen is soes ’n museum. Old relix orals scattered ge-orientate enne musty ryk wat annie miere klou, maakie saak wat djy in dai kitchen cook’ie, it ryk dieselle daana. Daa isse dee wat so every now en again oepmaak, marie venste het haa ooleë man nog met koeranpapie toegeplak en as djyrie datum vannie geel gestainde niespapie lies, realise djy is nineteen voetjek s’n. Sy oë was mossie lekka nie en dais hoe hyrie lig ytie kitchen gehourit, want hy’t daa gesit most of the time. Die ‘wireless’ gelyste soes hyrit genoemit. Al hulle stories—even in modern times latere voo sy dood het hy vekies om op dai stoel regop te sit en sy stories orie wireless te lyste. Mrs Ples verduidelik altyd is ommat hyrie warmte vannie kolestove enjoy et. Hy’t altyd vannie koue innie lounge complain. Nie te min, is asof mens back in time getravelet. Is soese time capsule.

“Ek het vi ôs wôs ytgehaal. Wôs en y’es. Djy need ’n spoil na al dai wêk, right?” knip sy vi Geoff oegie asof daa anne mense saam hulle oek innie kombys is.

Geoff knik terug, terwyl hy links en regs scan. Net in case Mrs Ples se ancesters vi haa ko kuierit. Soms deerie miere kan mens haa hoo gesels. Asof sy ’n report aanvra vannie anne side. Sy praat asof daa ieman by haa sit, you know. Met pauses vi responses en dan respond sy. Is creepy nogal at times. Sometimes issit lang geselsies. Soms kot en kragtag—to the point.

Geoff het eendag mette glas tienie mier gesit en virre while afgelyste. Dai dag wassit nogal ’n eerie experience. Hy kon sweer sy’t sy pa se naam genoem. Maa toerit latere afgeskryf an sy vebeelding.

Die kosryke beginnie kombys vul ennit ruk Geoff na sy sinne.

“Lekka-lekka, Mrs Ples. Dai ryk mos marshallaah,” sê Geoff soes hy sy hanne tien mekaa vryf van enjoyment.

Mrs Ples lag, maarit klink mee asse kuggie asse lag.

“Djyrit mos vedien, klongens.”

Geoff respond na Mrs Ples se signal narie kietel en hy volgie instruction. Dis sy eeste kee in haa hys na ’n lang absence. Hy ’t annedag hie op-en-af ie gange warm gehaloep. Sy’t practically vi hom sien groot wôd. Van babysitter, na nasôg na ytkyk-antie nou.

“Drink Mrs Ples nog syke?”

“Watse vraag is dit, kint! Lyk ek vi jou of ekkie liewe sier ankyk? Maakit soet. Vie syke.”

“Joh! Maa is dai nie ongesont vi Mrs Ples se ouredommie? Ek mien, is mos …”

“Mos net niksie. Hooriesa, wil djy nog hier iet?”

“Ja, Mrs Ples. Ek mien manet,” sak Geoff sy kop en lower sy voice inne brom virrie laaste wore.

“Da gooi djy my syke in en roerit lekke soelat ekkit kan enjoy. Waantoe gaan ek as ekkie emmer skop? Mos na my geliefkooste ooleë eggenoot, right? En djy wil hê ek moet brakes trek. No ways broetjie, roe!”

Mrs Ples sittie bôre oppie tafel langsie koppies drinkgoed watse stoem innie musty kombys lekka visibility enjoy. Hulle sit, bit altwie saggies op hulle ye way en begin iet. Mrs Ples wag totdat hy ’n lekka stuk brood en wôs in sy mont prop en bring weerie topic op van Geoff se pa.

“Wat het jou ma met amal jou pa se tools gemaak?”

Geoff kyk op en Mrs Ples kan sien sy oë dryf instantly inne immense sie.

“Sieke innie hokkie agte. Sal haa vra.” Los Mrs Ples ie topic vi nou.

* * *

“Bloei it nog?” skrie Mrs Ples yt haa slaapkame, terwyl sy wilt in kaste en laaie krap.

Geoff sit met sy vinge in sy mont en byt oppie blou blasie wat nou

onnerie vel vorm ommie bloed te stol. Twie striepe loep warm af van sy wange saggies en sy gesig gloei warm vannie kwaad.

"Nuu klong, moenie soe kwaad vi jouself wiesie. Djyrit goed van jou taak gekwyt. 'n Hamme is tricky soms. It gebee met amal." Comfort Mrs Ples Geoff, terwyl sy hom vinge inspect en besorg.

"It gebeerie met amalie, Mrs Ples! Amal se pa's issie doodtie!" skrie Geoff en gryp sy kop mettie uninjured hand.

Mrs Ples wil nog haa hand op sy skoue sit, maa Geoff sakkit onne yt en begin te rant soes sy hom nog nooit gehoorotie. Hy praat van hoe hy allienie liewe moet vestaan en dat sy pa hom noggie eesie tools ommie liewe mee te face gegie ittie. Hoe sy ma nie vestaan en oek nooit sal vestani, want die wore salit nooit kan explainie. Geoff se trane loep asoffie wal van pyn in hom oepgebriekit en hy op auto pilot nou alles lat gan. Mrs Ples allow hom. Sy lyste en gie hom net space. Dis wat sy voo gewaagit. Dit was haa end-goal. Hy moerit release.

"Voel djy bietere?" kom Mrs Ples nare en kry it reg om haa hand dié kee op sy skoue te sit, terwyl sy hom innie oë kyk en sy acceptance voo soek.

Mrs Ples se oë is liewendag. It praat subteks sône mens wiet it hette conversation met man se soul while sy engage. Geoff se binneste kalmeer en hy return sy aandag oppie busted vinge wat by nou klop met vengeance.

"Laat ekkie ointment smee ennie gauze apply. Dan praat ôs orie anne pyn rustag." Instruct Mrs Ples politely.

Geoff is soese lammetjie dana. Hy't nou alles gegie en uitegehaal. Hy'tie mee fight leftie. Hy gan sit oppie stoel en hou sy vinge op soese invite. Hy wiet Mrs Ples vestaan sy ondientgyt sopas was sône kee en wat hy nou alles kwytgeraakit was alles wat hy ôllewhaail weggebêre it. Mrs Ples voel baie virrie klong. Sy wiet hy'se goeie klong. Geoff gie homself oo an Mrs Ples se instructions en allow haa ommie vinge te treat. Hy wiet hy ganou 'n speech hoo, maa die kee welcome hy it. Hy wiet hy need om te vestaan. Mrs Ples convince Geoff ommie dinge wat hy na venoemit vi sy pa by sy graf te gan sê. Om net daa te sit en met sy pa te praat. Volgens Mrs Ples sal sy pa hom anwood in een of anne way.

* * *

"Nou ek wietie hoe om dié te doenie derra, ma Mrs Ples figure die's hoe os afskyt niem—of soe iets. Soes ek sê, is maa uncharted territory vi my."

Geoff gat sit oppie side vannie graf facing weg van sy pa se naam met sy elmboë op sy knieë wat sy kennebak se weight support. Is stil daa innie graveyard. Is remote en Geoff hoo sy noise innie vinnage hatkloppe in sy bôs echoe non-stop.

"Derra," sluk hy met great difficulty. "Djy moet wiet it was too soon, right? Djy wiet. Djy móét wiet!"

Die wore force hom op sy voete en hy face ie grafstien intentionally.

"Hoe't derra vewag ek moet dié sône derra doen? Hoe't derra vewag my liewe …"

Los klippies beginne crackle oppie grond surface en Geoff notice ie moist korreltjies sand krummel vannie hoepies sand asof it oppe underground vibration react. Hy stop sy prate en kyk stip na die weird phenomenon rontom hom. Da's i faint rumble, maa hy kannie plys waarit vandaan kommie.

Innie vête sien hy 'n hele boem met wottels en al val sideways unrooted en verdwyn vannie horizon. Hy try om van al dié sense te maak. Is soese horror movie. Iets is annie gebee en pyl direk op hom af, maa is invisable. Hy kannie figure offit topside of below issie. Meteens gie sy voete pat onne hom en voo hy kan kee sak hy weg tussenie sand, blokke en grafstien. Hy protest en probee gryp, maa kry klonte sand biet wat net krummel in sy hanne. Toe raak alles unworldly. Hy voel hy wod deerie aarde ingesluk, maa in slow motion. Innie keel vannie sediment shaft pass hy layer vi layer. Neverending. Die ryk van kly vorm g'n comfort, despite dat hy sy beste memories merrit het asse chokkertjie. Die's sy dood, dink hy. Hie sterf hy vedag. Hie waa sy pa self lê. Hy voel hoe hy begin suffocate enne lig skyn al hoe minne oo hom. Hy gie op en maak sy oë toe.

* * *

“Is ek dood?” wikkel Geoff hom vigorously asof hy noggie soil om hom voel compress.

“Wat is die? Waa is dié!” yte Geoff panicky.

Geoff is inne sterile space wat no definition van ienige iets het. Is netta vastness wat nie floor of ceiling hettie, net space. Net lig. Asof hy float. Hy staan op en kyk na sy voete. It voel geanchor oppe surface wat hy nie kan sienie. Hy staar voor hom yt. Is neverending. Sy mind adjust en hy go mettie familiar feeling wat sy voete vi hom signal dat daa isse vloer en begin stap. Direction? No clue, hy stap net. Trie-vi-trie.

“Geoff!” hoo hy sy naam.

Geoff skrik hom soe boeglam hy val op sy knieë. Waa is hy nou rerag, dink hy. Maa voo hy kan besluit hy’s sieke dood, staan daa twee voete langs hom. Hy kyk op ennie blinding wit lig orals obscure sy visibility.

“Geoff,” sêrie voice wee.

Hy ken die voice. Hy ken die voice! Die’s sy pa se voice. Sy pa! Geoff spring op en instinctively hug die physical lyf van ’n human form wat hy as sy pa recognise.

“Derra!” stroemie trane langs sy wange en hy klou asof hy nooit wee sal will at gan.

“Geoff, kyk hoe groot is djy alwee gegroei en hoo jou stem. Soese mannetjie. Soema groot en uitgegroei!” sê derra in sy allebekende style van praat en wies. Authentic.

“Derra, waa is os? Is ek dood?” vra Geoff en loosen die embrace terwyl hy opkyk.

“Ek is klongens. Maa ek dinkie djy nie.”

“Nou hoe wêk dit?” krap Geoff sy kop, terwyl hy omdraai en alles wee inniem. Ek onhou ek’t inne gat gesink en toe maak ek my oë toe, maa … en nou’s ek hie, derra. Ek moet dood wies!”

“Gloe my, ek sal gewiet it. Djy issie dood ie. Djy’s in Barzagh.”

“Barzagh? Wat is barzagh? Issie waiting space waa os amal in dwell en wag virrie dag van afriekening, my kint,” sê derra en sign hom om te gaan sit.

Hulle altwee sit oppie grond en Geoff voel soeme klein voo sy pa. Hy kyk sy pa met aandag en vat die hele being in. ’n Concrete

weergawe net soes hy was. In real. Hulle gesels oo wattie pa gesmissit en allie planne wat Geoff het virrie future. Geoff praat oo sy ma en Mrs Ples en sy bynaam en hulle lag lekke saam en is asof tyd stilstaan hie. Alles voel soes ure, ma innie selle tyd soese split second.

"Geoff! Geoff!" skrie 'n klomp voices na hom innie verte. Hy hoo hone oek blaf.

"Wat is dai derra? Wie nog hie skrie vi my? Wat gat an?"

"Moenie panic ie, klong. Hulle soek vi jou. Os tyd is op hie. Djy gan nou gan. Trug. Hystoe," sê derra tewyl hy altwie Geoff se hanne hou en iets daa in deposit.

"Wat mien derra os tyd is op? En ek moet gan? Waantoe gan? Watte hys?"

"Geoff! Geoff!" skrierie stemme wee ennie hone klink even hadder as voorheen.

"Salaam klong. Ek gan nou moet gan. It was lekke om jou te sien. Stu krieslaam vi jou ma. Eendag sal ons wee hie onmoet. Dan sal djy bly."

"Derra! Derra!" hyl Geoff agtena soes sy pa weirdly net begin weg phase innie wit space in, tewyl hy wave.

Die geblaf vannie hone het deafening hard begin raak en Geoff oek lethargic. Hy't soema net daa sideways inmekaa gesak en gebly lê. Die honne het annie search party gewys waa Geoff lê ennie rescue paramedics het hom oppe stretcher gelaai en ytie sinkgat, wat regorie dorp soes frats happenings, wat van nowhere occurrit, geremove. Ees dan kon amal wat na hom attend it inne safer environment Geoff nasien. Sy ma was geinstruct om byrie ambulance te wag om ienage horror wat hulle might find wat vi haa trauma kan cause te vemy. Na hulle sieke maak hy's nog innie land of the living en okei om te transport, move hulle ambulance toe.

"Is hy okay?" vra Geoff se ma frantically, expecting die worst, maa keeping herself collected.

"Hy't 'n faint pulse mammie, maa hy's baie gelukkag. Somehow het hyrit survive."

"Ya Allah Shukr. Kan ek saam julle ry? Saam hom ry?"

"Sure, laat os hom net ees inlaai."

Geoff se mamzie stoppie process om hom 'n soentjie oppie vookop te gie. Hy move slightly en sy smile virrie proof of life response. Geoff wod gelaai en sy is saam hospital toe. Innie hospital kry hyrie beste care en maak Geoff 'n speedy recovery. Voo hyrie hospital velaat bringie nurse Geoff se belongings wat hy mien admit was en innie sakkie blink 'n object wat mamzie nie djys erken as Geoff s'n nie.

"Geoff, wat is dai wat saam jou goed gekommit? Ek vestani hoe …" pause mamzie ommat syrit finally recognise.

Geoff haalie ring yt en skrie kliphat innie saal: "Is real! Is real! Ek was in barzagh! Sien mamzie. Ek was saam derra."